ROTSE OF KLIPPE VIR SAIKEI - KOOS LE ROUX

As 'n mens Saikei met 'n mooi aster vergelyk, kan die klippe vergelyk word met die gebeente, die bome met die sagte ronding van spiere en onderhuidse weefsel en bykomstighede, soos mos, vergelyk word met lipstiffie en ander mooimaakmiddels. Hoe sou pragtige, mollige beentjies of heupies lyk as daar 'n aardige boggel op die rug is of as die bene so bak soos 'n wiel is? Gee my 'n klip!

As 'n mens vir Saikei rotse optel, soek mens altyd maar na die ideale rots. Die ideale rots het karakter en persoonlikheid - die Japanese noem dit Ch'i - dis asof die rots met jou wil praat en se: "tel my op!".

Vulkaniese rotse, vanwee hul holtes, riwwe en lyne is poreus en miskien mees geskik vir Saikei omdat hulle ook interessante vorme het wat 'n regte berg of koppie getrou kan naboots.

Die klippe moet nie rond of vierkantig wees nie maar verkieslik lank en smal. As dit plat geplaas word kan dit 'n rustige toneel voorstel of 'n dramatiese een as dit vertikaal geplaas word om 'n hoë piek te vorm. As die hoofrots plat geplaas word moet alle rotse plat geplaas word. As 'n hele aantal rotse gebruik word moet alle rotse aanpas by die grootste of no.1 rots. Hulle moet van die selfde kleur, vorm, tekstuur, en grein wees en moet van dieselfde tipe lyne, riwwe en groewe hê.

Elke rots het 'n definitiewe bo en voorkant; dit is die mooiste kant wat die interessantste vertoon. Die voorkant het gewoonlik rigtinggewende merke, groewe en lyne wat kollektief 'n bepaalde rigting aan die rots gee. Hierdie rigting moet by die plasing van al die rotse dieselfde wees en moet ook in harmonie wees met die rigting of vloei wat by die boom voorkom, bv. by die windverwaaide styl.



Let egter op dat lyne wat van links of regs loop en so rigting gee, nie in die boonste 1/3 van die klip reg na agter loop en so die oog na agter uit die prentjie uitlei nie.

'n Rots moet stabiel wees, daarom moet die lelike onderkant of die basis so plat moontlik wees. Indien dit nie so is nie moet dit platgemaak word. Daar kan selfs kleiner klippe aan die rotsbasis vasgegom word om dit te verbreed en te stabiliseer. Epoxy-gom of stopverf of selfs klei of moepoe kan ook gebruik word om die rotse te stabiliseer. Die rotse moet in 'n houer halfvol

grond gerangskik word en moet uiteindelik tenminste 1/4 of 1/3 de van die rots met grond bedek wees. Die rots moet inderwaarheid lyk asof hy vir eeue so staan. Om die prentjie af te rond kan aan die windkant van die rots die grond effe opgewal word soos die wind die sand teen die rots vaswaai en ophoop.



Dit is belangrik dat alle rotse van die landskap dieselfde kleur, tekstuur en grein moet hê. Vermy te ligte kleure wat onnatuurlik voorkom en moeilik harmonieer met die boompies en die res van die Saikei.

As daar 'n wit Kwarts rif deur die rots loop kan die rots met die rif vertikaal geplaas word om 'n waterval voor te stel of as 'n rots 'n wit kwarts punt het kan dit 'n sneeu bedekte bergpiek voorstel.

Omdat die rotse die benige raamwerk of geraamte van die Saikei vorm, behoort die rotse eerste, voor die boompies, geplaas te word. Nadat 'n rots in die grond geplaas is sodat die lyne en groewe in die verlangde rigting loop kan die optimum effek bereik word deur die rots effens in alle rigtings te kantel totdat die plasing bevredigend is.

Wat die plasing van die rotse betref moet die grootste rots op die sterk fokuspunt geplaas word en moet help om 'n inleilyn in die Saikeilandskap te bewerkstellig.

Die grootste rots moet ook naby aan die grootste boom geplaas word sodat die vloeirigting van hul lyne harmonieer. Verder moet sy middelpunt op dieselfde lyn as die middelpunt van die grootste boom wees - dit is van die kant gesien. Daar moet meer spasie gelaat word tussen die rotse en die houer in die rigting van die vloei van die lyne.

Die aantal rotse moet onewe in getal wees en al die rotse moet aanpas by die grootse een. As 'n hele aantal klippe gebruik word, bv. 5, moet die plasing nie van groot na klein plaasvind nie anders is die plasing geneig om ongebalanseerd te wees. Die volgende volgorde gee die beste resultate nl.: 1, 5, 2, 4, 3.

Wanneer so baie klippe gebruik word moet die rangskikking van voor, van die kant, van agter en van bo bekyk word om seker te maak dat alles behoorlik gebalanseerd is en van alle hoeke goed lyk. Rotse moet nooit reg agter mekaar staan as daar van die kant gekyk word nie. Maak ook seker dat daar genoeg oop ruimtes is om die hoof element (rots/boom) te beklemtoon. Dit is juis die slim plasing van die rotse wat die voorkoms van die bome verbeter.

Die hoogtes van al die rotse moet varieer; so ook die afstande tussen die rotse.